Maar God…

Liewe Bidder

Ek vertrou jy het die eerste drie-maandelikse uitgawe van die *Jerigo Mure* gebedsgids baie geniet. Die gebedsgids wat jy nou in jou hand het, is vol inligting en artikels wat ek vertrou vir jou tot groot seën sal wees en jou sal help om doelgerig te bid.

Die Here Jesus en Paulus moedig ons in die Nuwe Testament aan om altyd aan te hou met bid en nie moedeloos te word nie. Die skrywer van die Hebreër-brief skryf dat ons met vrymoedigheid na die genadetroon toe moet gaan, sodat ons *op die regte tyd* gehelp kan word. So dikwels sê mense: ons bid reeds so lank en ons sien so min antwoorde. Aan die een kant is dit so. As ons egter na die groter prentjie kyk, sien ons hoedat God op 'n magtige wyse reg oor die aarde besig is. Daar kom tye wanneer ons nie direkte antwoorde op gebed in ons eie lewens sien nie, maar dit beteken nie dat God in sulke tye nie op 'n kragtige wyse in ons lewens en op ander plekke besig is nie.

Gebedsfokusse vir die volgende drie maande
Ons het elke maand 'n gebedsfokus wat veral gemeentes en die groeiende aantal dag en nag gebedswagte kan help om vir langer tye op sekere sake te fokus. Hierdie maand is daar drie baie belangrike gebedsfokusse:

- **September – *Ramadaan***: Die Moslems se maand van vas.
- **Oktober – Indië**: 'n Land met 1,3 biljoen mense – 'n land waar die Here kragtig aan die werk is en letterlik tienduisende mense weekliks tot bekering kom.
- **November – *die Vervolgde Kerk***: Bykans 200 miljoen Christene kan nie hulle geloof vrylik beoefen nie – omdat hulle woon in lande waar daar wetgewing en haat teen Christene is.

Daar is artikels oor elkeen van hierdie gebedsfokusse in hierdie gebedsgids. Kom ons maak erns om vir hierdie sake te bid. Dit het 'n impak op miljoene mense.

Wêreldwye herlewing
Ek wil jou aanmoedig om die artikel van Floyd McClung oor herlewing te lees. Baie mense het 'n bepaalde verwagting en siening oor hoe herlewing moet lyk. Persoonlik identifiseer ek met dit wat Floyd McClung skryf. Ja, dat daar ook die tradisionele persepsie van herlewing is, soos bv. die herlewing van 1857 in die VSA, die 1860 herlewing in Suid-Afrika asook die 1904 herlewing in Wallis, is so. En daarvoor moet ons steeds volhardend bid. Ons is egter geneig om te vergeet wat die Here reeds doen. Laat ons die Here dank vir Sy groot dade wat in die wêreld sigbaar is.

Kinders en tronke
Ons het die afgelope tyd gesien hoedat die Here die kinders in Suid-Afrika oprig om te begin bid; veral in die plakkerskampe en *townships*. Die Here is besig om kinders (6-13 jaar) wat dikwels as "minder bevoorreg" gesien word, deur Sy Gees op te rig om te bid. Dit is nie net in Suid-Afrika aan die gebeur nie, maar ook wêreldwyd. Dit is 'n nuwe en buitengewone beweging van die Heilige Gees, veral oor die laaste 7-10 jaar.

'n Ander aspek van gebed waaroor ek baie opgewonde is, is dat ons begin sien hoedat die Here God deur Sy Gees besig is om 24/7 gebedswagte in tronke op te rig. Gedurende die *10 Dae* van gebed voor die *Wêrelddag van Gebed* op 11 Mei hierdie jaar, is daar in 'n tronk in Johannesburg deur 96 gebedswagte aktief vir gemiddeld 15-16 ure per dag vir die *10 Dae* gebid. In 'n tronk in Pretoria was daar 6 gebedswagte wat vir die *10 Dae* gebid het. In 'n ander tronk in die Kaap was daar drie gebedswagte. En dan is dit nie die bewaarders nie, maar die gevangenes self wat bid. Gevangenes is besig om tot bekering te kom in die tronke en baie se lewens verander radikaal soos wat hulle geestelik begin groei en dissipels van die Here Jesus word.

'n Woord oor die krag van God
Daar word vandag baie gepraat oor God se krag teenoor menslike krag. Christene is vinnig om die kerk te "beskuldig" van kragteloosheid. Maar as ons die kerk vir 'n oomblik kan los, wil ek vra: is die krag van God in jóú lewe sigbaar en teenwoordig? Dit is die belangriker vraag. Die krag van God kom wanneer ons Jesus se woorde glo en daarvolgens leef. Dit kom wanneer ons God meer vrees as mense. Die krag van God kom wanneer ons ons eie sonde bely en ophou om aanhoudend die sonde van ander uit te wys. Die krag van God kom wanneer ek leer om my eie lewe onder beheer van die Heilige Gees te stel en Hom stiptelik en radikaal te gehoorsaam. Die krag van God raak eers sigbaar wanneer iemand in gebrokenheid voor God begin leef. God se krag word sigbaar daar waar daar oortuiging van sonde is, en die oortuiging lei tot reiniging van daardie sonde, wat lei tot 'n heilige lewe. Daar is geen krag van God sonder 'n heilige lewe nie.

Laat ons eerstens God self soek. Wanneer ons God self soek, is Sy krag wat deur ons werk as't ware 'n "byvoordeel" van ons lewe in Hom. Te veel van ons fokus val egter op die "byvoordeel" van God se krag. Daar bestaan nie iets soos krag sonder God nie. God self is die krag. En onthou: die krag is nooit óns krag nie, dit is God wat deur ons werk. Te veel mense glo die krag is in of uit hulleself, dat hulle dit besit. Nee, die krag van God is alleen die krag van God as God self deur ons werk. En vir God om deur ons te werk, vra dat ons sal sterf aan onsself, ons wil, menings en emosies, dat ons uit die pad uit sal kom sodat God ongehinderd deur ons kan werk.

Daar is vandag baie aansprake van mense op die kragtige werking van God en op herlewing, maar te dikwels is daar geen trane, geen oortuiging van sonde, geen gebrokenheid en ook nie 'n heilige lewe en vrees vir God nie. Te dikwels sien ons mense wat opgeblase en vol vertoon is, "sterk" in hulleself, mense wat alles weet, vol selfvertroue is (vertroue wat dus vertroue in die self is). Let wel: om 'n "lekker tyd" in 'n kerk te hê, lofprysing en aanbidding te doen wat die vlees bevredig en ons gees leeg, onvergenoegd en onveranderd laat wanneer ons huis toe gaan, het weinig met die krag van God te doen.

Een van ons grootste probleme vandag is dat ons oortuig is God is daar net vir ons en dat dit eintlik alles oor ons gaan. Nee, dit gaan oor God. Dit gaan nie in die eerste plek oor my genesing, my voorspoed, my sukses en my behoeftes nie, maar oor Jesus en oor Hom alleen en hoe Hy verheerlik word wanneer Hy genesing, voorspoed, sukses en antwoorde gee op my gebede. Ons is so geneig om die lewe te draai en te verdraai dat alles op die ou end oor ons gaan. Geestelik doen ons dieselfde. Ons kom so maklik by 'n punt waar ons onsself in die middelpunt van die "heelal" plaas en nie meer God nie. Ons sien en beredeneer dinge vanuit ons (menslike) perspektief en nie vanuit God se perspektief nie.

Ek lees van die herlewing in Korea in 1907. Die sendeling wat die aand in die byeenkoms was toe die herlewing uitgebreek het, het jare later gesê: "Mag God gee dat ek nooit weer teenwoordig sal wees wanneer herlewing uitbreek nie. Dit is 'n verskriklike belewenis." Die heiligheid van God is oorweldigend. Ons bid maklik vir herlewing en God se krag. Maar wat sal gebeur wanneer dit kom? Is ons lewens so skoon dat God na my en jou toe kan kom sonder dat Sy oordeel ons sal vernietig oor die sonde wat in ons lewens is?

Ek wil elke Christen in hierdie land aanmoedig om die boek van *Roy Hession, Die Kruisweg* te kry en biddend deur te lees. Wie dit lees, werklik luister en dit in sy lewe toepas, sal iets van die krag van God in sy/haar lewe begin sien deurbreek. Mag God self jou deur die Heilige Gees in die volgende drie maande leer en lei wanneer jy bid.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Ef.3:20

Die Global Prayer Alert

Die Global Prayer Alert is 'n weeklikse e-pos gebedsgids vir individuele bidders, gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte om ingelig en op 'n gereelde basis te bid. Hierdie gebedsgids is 'n inisiatief van *Jerigo Mure Internasionaal* en word moontlik gemaak deur jou gereelde donasies. Die *Global Prayer Alert* vervang die daaglikse BID VANDAG met

'n weeklikse *Global Prayer Alert*, met ' spesifieke fokus op persoonlike, stadswye, landswye en internasionale sake van belang. Om in te teken op die *Global Prayer Alert* in Afrikaans, stuur asseblief 'n e-pos aan bid_7dae-subscribe@associate.com. Om in te teken op die Global Prayer Alert in Engels, stuur asseblief 'n e-pos aan pray_7days-subscribe@associate.com. **Vir meer inligting is jy welkom om ons te skakel by 021 919 7988.**

Wat, waar en wanneer?

Nasionaal

12-13 September: Angus Buchan op Nuweland

Gesinne word uitgenooi om hulleself te verootmoedig en op 12-13 September 2008 op Nuweland se krieketstadion te kom bid. Besprekings kan by *Computicket* gedoen word. Vir meer inligting kontak: Sias le Roux (Shofar), sel: 083 915 8000 of e-pos: angusnewlands@pro-events.co.za

29 September - 3 Oktober 2008: *Watchman's School of Prayer*

Die 7de *Watchman's School of Prayer* neem hierdie jaar die vorm van 'n gebedsretreat aan. Die fokus is vanjaar op verskillende gebedsmodelle soos bv. die *Harp & Bowl* intersessie- en aanbiddingsmodel en Woordwagte as 'n manier om dag en nag met God in gesprek te wees. Daar sal geleenthede wees om alleen met God te wees en lering sal gegee word oor hoe om 'n dieper gebedslewe te beoefen. Ons gaan kyk na kreatiewe maniere van korporatiewe en individuele gebed en hoe om 'n 24/7 gebedswag te begin en aan die gang te hou in jou kerk en gemeenskap. Nuwe praktiese sessies oor hoe om vir persoonlike behoeftes te bid asook oor hoe om vir siekes en vir jou gemeenskap te bid, word vanjaar bespreek. Daar is slegs akkommodasie vir 120 persone teen R850 per persoon. Registreer so gou as moontlik by Lizette by tel: 021 919 7988 of e-pos: watch@jwipn.com

3-25 Oktober 2008: *Leierskapsberaad*

Willow Creek Suid-Afrika bied weer hierdie jaar in Oktober 'n *Leierskapsberaad* aan. Alle leiers, kleingroep-leiers, predikante, pastore en jongmense wat graag 'n verskil in hulle gemeenskap wil maak, word genooi om vir hierdie opleidingsgeleenthede te registreer. Registreer vandag nog jou leierspan om van nuuts af verfris, geïnspireer en bemoedig te word. Vir verdere inligting oor plekke en datums vir streeksbyeenkomste, kontak *Willow Creek SA* by tel.: 012 665 4688, faks: 012 665 2844, webruimte: http://www.willowcreeksa.co.za/conf-national.html of e-pos: admin@willowcreeksa.co.za

Internasionaal

Internasionale Dag van Gebed vir die Vrede van Jerusalem

Christene neem ook deel aan die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vrede van Jerusalem* op die eerste Sondag in Oktober met die één doel voor oë: volgehoue, ernstige en ingeligte wêreldwye intersessie vir die plan en doelwitte van God vir Jerusalem en al sy mense. Christen-leiers vertrou die Here dat 175 nasies hierdie jaar sal deelneem. Dit beteken dat meer as 300 miljoen gelowiges hieraan gaan deelneem. (Vir meer inligting besoek hulle Webruimte by: http://ew.us.churchinsight.com/group/group.aspx?id=1000002767).

30 Oktober - 4 November: *The Global Mission Commission Consultation*

Hierdie konsultasie sal hoofsaaklik fokus op sendingverwante sake soos kontekstualisering, toewyding in sending te midde van konfliksituasies, geweld, vervolging en lyding. Hulle taakgroep, genoem *Global Missiology Task Force* het werkspanne wat oor hierdie onderwerpe navorsing doen en lesings voorberei vir hierdie geleentheid asook vir toekomstige publikasies. Geskoei op die uitkoms van hierdie dinkskrums, sal die laaste dag gewy word aan besprekings oor die toekoms van wêreldsending. Bid dat die Here self met hulle sal praat en dat Sy koninkryk regtig by hierdie konsultasie sal baat. (Webruimte: http://www.worldevangelical.org, of kontak Bertil Ekström, by e-pos: bekstrom@worldevangelical.org of Kees van der Wilden by kees@worldevangelical.org).

HET U GEWEET?

Bulembu uitreik en gebedsinisiatief

Tuks Missions het gevoel dat God hulle roep om 'n bietjie waaghalsig te raak en iets te doen wat groter is as hulleself, veral gedurende hulle sendingweek hierdie jaar. Hulle plan was om 1 000 studente op 'n uitreik na Bulembu in Swaziland te neem. Tien dae lank het hulle gehelp om huise reg te maak, gehelp in skole, in die kliniek en groentetuine aangeplant om die groeiende gemeenskap van weeskinders in hierdie sendingstasie dorp te onderhou. As deel van hulle uitreik het hulle twee sessies van 12 ure elk ononderbroke gebed gehad vir herlewing en vir die nasies met die doel om vir die studente te wys hoe belangrik en kragtig gebed is. (Nadine van der Wat, sel: 082 404 6947 of e-pos: missnadine@tuks.co.za).

City Wide Watch

Die *City Wide Watch (Stadswye Gebedswag),* 'n *Jerigo Mure* gebedsinisiatief, is in April hierdie jaar in Kaapstad begin in 'n poging om 1 000 plaaslike kerke in die stad te verenig in 'n volgehoue siklus van 24/7 gebed en aanbidding. Die fokus is om 1 000 kerke oor die volgende drie jaar te mobiliseer om 24 uur per dag te bid vir herlewing en vernuwing van die kerk, vir verlossing van ongereddes en vir die uitdagings waarvoor hulle te staan kom in gebroke gesinne in die stad, huishoudelike geweld, dwelmverslawing onder jongmense (tik ens.) en homoseksualiteit. Hulle is baie opgewonde om te sien hoedat die kerk op die oproep begin reageer en begin om sy plek op die muur in te neem en in die bres te tree vir die vestiging van God se koninkryk op die aarde. (Dave Donald, tel.: 021 557 1772, of e-pos: citywatch@jwipn.com).

Sjina het gebed nodig

Sjina het gedurende Mei vanjaar die mees vernietigende aardbewing in dekades beleef. Ongeveer 10 miljoen mense in die provinsie Sichuan is direk beïnvloed deur die 7,9 aardbewing wat hele dorpies platgevee het. Ernstige verliese is gely en in sommige dorpies is daar geen enkele huis oor nie. Sover vasgestel kon word is byna 70 000 mense dood, ongeveer 400 000 is beseer en byna 20 000 is op 'n lys van vermiste persone. Bid dat die Sjinese owerhede effektief in Sichuan, een van die land se armste provinsies, sal ingryp. Bid dat die kerk se genesende teenwoordigheid en Christelike getuienis in hierdie tyd sigbaar sal wees. (*Ethnos Asia Ministries*, webruimte: http://www.ethnosministries.org en http://en.wikipedia.org/wiki/2008_Sichuan_earthquake of e-pos: info@ethnosministries.org).

Wat is aanlyn?

Hollywood Gebedsnetwerk

Webruimte: http://www.hollywoodprayernetwork.org

Die nuwe *HPN KIDS Prayer Calendar* groei maandeliks en baie kinders begin bid vir die professionele kinders van Hollywood. Besoek die webruimte as jy meer wil uitvind oor die *Hollywood Prayer Network* en hoe om vir hierdie jongmense te bid.

Interaktiewe Hulpmiddel vir die leer van Arabies

Webruimte: http://www.pacificarabic.com/?vocab_applet.html

Is jy besig om Moderne Standaard Arabies aan te leer? Wil jy graag 'n gratis hulpmiddel hê om jou te help om jou woordeskat te oefen met behulp van die baie gewilde *Alif Baa* reeks? ***Waarskuwing*: Die onderhouers van die webruimte is NIE gelowiges NIE. Moet dus GEEN sendinginligting gee nie.**

Wêreld Bybelvertalers

Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=downloads_main

Hier kan jy Bybels aflaai in PDF formaat in verskillende tale soos Arabies, Goedjarati, Tamil, die Engelse vertaling vir dowes ens.

24/7 Gebedswagfokus: September-Desember 2008

Die gebedsfokusse op hierdie bladsy is daarop gemik om mense wat betrokke is by 24/7 gebedshuise te help om gelyktydig op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus. Hierdie is slegs riglyne en koördineerders van gebedswake kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsversoeke op kreatiewe maniere in jou gebedskamer op te plak of om dit in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander hiervan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webruimte by: http://www.jwipn.com/. Onthou om ook sommer op ons *Global Prayer Alert* in te skryf by cape@jwipn.com wat weekliks op aktuele sake fokus.

September: *Ramadaan*

Elke jaar hou Moslems 'n vastyd van 30 dae. (Lees die artikel in die verband). Hierdie jaar vind *Ramadaan* plaas vanaf 1-30 September. Die kerk van die Here Jesus wêreldwyd verenig weer om vir Moslems te bid sodat hulle die liefde van God die Vader deur Sy Seun Jesus Christus sal verstaan. Julle sal sien dat ons spesifieke gebedsversoeke geplaas het op elkeen van die dae in September wat fokus op 'n bepaalde groep Moslems in verskillende lande. Daar gaan ook tientalle gebedsreise onderneem word deur gelowiges wat lande in die Midde-Ooste en Sentraal-Asië gaan besoek om daar te gaan bid.

Oktober: Indië

Indië is 'n land met 1,3 miljard mense, 21% van die totale wêreldbevolking. Dit beteken daar woon 28 keer meer mense in Indië as in Suid-Afrika. Die drie grootste godsdienste in Indië is Hindoeïsme, Boeddhisme en Islam. Ons gaan die hele Oktober op Indië fokus. Oor die afgelope 15 jaar het die aantal Christene in Indië verdubbel. Dus is daar oor die afgelope 15 jaar soveel Christene by die kerk gevoeg as in die voorafgaande 200 jaar. Veral onder die Dalit (270 miljoen) wat as die uitgeworpene "untouchables" beskou word, is daar tans letterlik duisende mense wat daagliks tot bekering kom en kerke wat geplant word. Selfs mense vanuit die heel hoë kastes van Indië is besig om in al groter wordende getalle tot bekering te kom. Die nood aan werkers en fondse in Indië is astronomies. Hierdie geleentheid om die evangelie aan die Dalit te bring, tel waarskynlik onder die 10 grootste geleenthede in die geskiedenis om die evangelie aan 'n bepaalde groep mense te bring.

November: *Vervolgde Kerk*

Elke jaar word ten minste 160 000 Christene vir hulle geloof in Christus Jesus doodgemaak. Dit is 'n geweldige groot getal mense. Maar aan die positiewe kant is dit persentasiegewys in terme van die wêreldbevolking, die minste vervolging wat die kerk oor die afgelope aantal eeue beleef het. Dit is ons verantwoordelikheid as medegelowiges om vir ons vervolgde broers en susters te bid. Laat ons bid vir veiligheid, vir volharding in geloof, vrymoedigheid om te getuig, vir wetgewing wat dit vir Christen-gesinne moontlik sal maak om prakties en onbelemmerd hulle geloof uit te leef. Laat ons ook bid vir die honderde duisende gesinne wat 'n vader, 'n moeder of 'n kind verloor het oor die afgelope dekade. Daar is baie verskeurdheid, verwarring, pyn, vrees en onbeantwoorde vrae. Laat ons huil saam met die wat huil, medelye hê met die wat ly en minstens bid dat God hulle sal versterk en beskerm.

Desember: Gesinne

Gesinne bly die fondasie van enige gemeenskap en land. Wanneer die gesin verbrokkel, verval die samelewing, verdwyn sekuriteit uit huise, vervaag gesagstrukture, word kinders opstandig en raak hulle vervreemd. Die eerste ding wat gewoonlik gebeur, is dat vaders uit huise padgee. Dit het 'n buitengewoon verwoestende effek op gesinne, en lei tot rebellie, dwelmisbruik, drankmisbruik, wetteloosheid en minagting van gesag, asook bandeloosheid en immoraliteit. Dit is hoe ons land op die oomblik lyk. Mag God ons hiermee help. Desember is gewoonlik die maand wanneer gesinslede mekaar weer sien. Bid vir die herstel van verhoudings, versoening en die genesing van baie pyn in gesinsverhoudings.

Ramadaan: Die Vyfde pilaar van Islam

Vanaf 1-30 September 2008 bid ons vir die wêreld se ongeveer 1,7 miljard Moslems, vir God se genade en dat die Heilige Gees Jesus Christus, God se Seun, aan hulle sal openbaar. Dit is insiggewend om te sien hoedat die Here Christene van oor die wêreld oproep om vir Moslems te bid. Laat ons nie ophou bid nie. Wonderlike dinge gebeur en groot getalle Moslems plaas hulle vertroue en hulle lewens in Jesus Christus as Verlosser.

Jy kan die gebedsaanwysings in hierdie boekie gedurende hierdie tydperk volg. Oorweeg dit om ander te nooi om saam met jou in jou weeklikse biduur of Bybelstudie tydens September ook vir die bekering van Moslems te bid. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om kinders te leer om te bid vir mense wat die Here nie ken nie. Vir meer gebedsinligting besoek webruimte: http://www.30-days.net. Die elektroniese gebedsgids vir Ramadaan vir kinders is nou beskikbaar vanaf dieselfde webruimte.

Ramadaan strek oor 'n tydperk van 30 dae. Gedurende hierdie tyd eet Moslems gedurende die daglig ure niks nie. Dit is die vyfde pilaar van Islam, verpligtend vir Moslems en deel van dit wat hulle moet doen om genoeg goeie werke bymekaar te maak sodat hulle in die hemel kan kom. Honderde miljoene Moslems vas gedurende *Ramadaan*. Elke Moslem probeer om Mekka ten minste een keer in sy lewe te besoek.

As Christene glo ons dat die pad na versoening met God en so ook die pad na die hemel is deur Jesus, ons Verlosser, se offer aan die kruis te aanvaar. Goeie werke verdien nie vir ons die ewige lewe nie. Nogtans doen ons goeie werke omdat ons harte gevul is met dankbaarheid en om God se liefde aan mense prakties te wys.

Kom ons bid dan gedurende hierdie 30 dae vir Moslems:

- Dat God Sy Seun Jesus Christus en Sy al-genoegsaamheid aan hulle sal openbaar.
- Vir 'n begrip van God se genade, barmhartigheid, vergifnis en liefde in die harte van Moslems.
- Ons onthou dat die Here vir almal goed is en barmhartig is oor alles wat Hy geskep het (**Ps.145:9; Ps.103:22; Ps.103:8; Ps.57:3; Ps.89:14**).
- Kom ons bid nie veroordelend en in vrees nie – maar uit harte wat gevul is met liefde en deernis.
- Kom ons bid met hoop in God dat Hy miljoene Moslems sal red en met Hom sal versoen deur Jesus Christus.
- Kom ons bid dat die Here Moslems sal seën en sal genees, dat Hy hulle sal herstel sodat hulle tot 'n persoonlike verhouding met Hom sal kom.
- Bid dat hulle God as hulle Vader sal erken. Die heersende gees in Islam is 'n gees van 'vaderloosheid'. Moslems het 99 name vir Allah, maar hy word nooit beskou as 'n god van liefde of as 'n vader nie.

Gebedsfokus op sendelinge

Gedurende die maand September gaan ons, saam met die gebedsfokus vir die redding van Moslems, ook bid vir die miljoene sendelinge wat in die buiteland werk. 'n Mens kan jou die eensaamheid indink wat hulle dikwels ver van die huis af beleef, dikwels moet hulle ook die spot van nie-Christene verduur. Ons gebed is dat God ons konstant daaraan sal herinner om ook die werkers in die oesland deur gebed te dra, dat hulle Sy troos sal ervaar en ook die vreugde sal beleef van ander wat by hulle aansluit en dat hulle nie die impak van ekonomiese veranderinge in die wêreld op hulle werk sal vrees nie.

Islam groei in Europa

Onlangse intelligensieverslae bring die volgende aan die lig:

1. **FRANKRYK**: In 1945 was daar 100 000 Moslems in Frankryk. Vandag word hulle getalle amptelik op 6 miljoen bereken (60 X groei), dus 10% van die bevolking. Daar is 1 000 moskees in Frankryk.
2. **HOLLAND**: Moslems maak amptelik 15% van die bevolking uit.
3. **BELGIË**: 10% van die bevolking is Moslems. Die helfte van alle babas wat vandag in België gebore word, is Moslems.

4. **DUITSLAND**: 2 miljoen Moslems (Berlyn het die vierde grootste Turkse bevolking in die wêreld).
5. **BRITTANJE**: 2 miljoen (van 82 000 – 30 jaar gelede – 25 X groei). Daar is 1 000 Moskees in Brittanje.
6. **SWEDE**: 400 000 Moslems. Geweldige groei in anti-Semitiese aanvalle op die Joodse bevolking in Swede.
7. **DENEMARKE**: 200 000 Moslem immigrante probeer om hulle anti-Israeli, anti-Amerikaanse beleid op die 5 miljoen Dene af te dwing. Al is Moslems net 4% van die bevolking, gebruik hulle meer as 40% van die land se maatskaplike besteding.
8. **ITALIË**: 1 miljoen Moslems.
9. **Die Saoedi-Arabiese regering** het die bou van 1 500 Moskees gefinansier, 210 Islamitiese sentrums, 202 kolleges en 2 000 madressas (Islamitiese Koran-skole) in nie-Moslem lande – meestal in Europa. Terwyl die gemiddelde Europese vrou 1,5 kinders het, het die gemiddelde Moslemvrou in Europa 6-8 kinders. (Webruimte: http://www.frontline.org.za/articles/reforislam.htm).
10. Roep die Here aan vir die **redding van Moslems** in elke land van die wêreld.

Wanneer jy teenoor Moslems getuig, onthou...

1. Moet **NOOIT** die persoon van Mohammed aanval nie, maar moet hom ook nie as 'n profeet aanvaar nie. Ons is geroep om mense te help om Jesus te vind, nie om ander te kritiseer nie.
2. Moet **NOOIT** die Koran kritiseer nie.
3. Vermy polities sensitiewe onderwerpe soos die probleem in Palestina.
4. Moet hom nie probeer oortuig dat Jesus die Seun van God is nie: 'n Moslem sal dit nie verstaan of aanvaar nie. Later, as hulle die Bybel of die evangelies lees, kan jy dit aan hulle verduidelik.
5. Moenie by argumente oor temas soos varkvleis en wyn betrokke raak nie. Ons as Christene is gestuur om Jesus te verkondig en nie dieetreëls neer te lê nie. Dit is goed om te beklemtoon dat dronkenskap verkeerd is. Moenie alkohol aan Moslems bedien nie, hulle verag dit. (Die *Ramadaan* kinderboekie is ook beskikbaar van http://www.30-days.net).

Wêreld kos- en waterkrisis in fokus

Wie vir 'n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie, maar wie anderpad kyk, sal baie verwensings hoor **(Spr. 28:27**).

Al is daar lande wat met hongersnood worstel, is die wêreldprobleem nie 'n voedselkrisis nie, maar 'n prys krisis omdat ander mededingers, soos bv. etanol vervaardigers, hoër pryse aanbied om die boere se graanoeste in die hande te kry. Ten tye van publisering het ten minste 33 lande gevaar geloop vir sosiale oproer as gevolg van stygende voedselpryse. Daar is ook wêreldwyd 'n toenemende tekort aan beskikbare vars water. Een onderliggende faktor vir die water-, voedsel- en oliekrisis is die aardbol se groeiende energie nood. As kinders van God word ons opgeroep om ons verantwoordelikheid van gebed op te neem, berou te hê oor die boosheid van die mense van ons tyd en God te vertrou om nie net die vloedgolf van die vernietiging van die aarde se bronne wat op ons afgerol kom, te keer nie, maar meer as enigiets anders die vlaag van mense te keer wat op pad is na ewige dood sonder Jesus Christus. As mense na God terugdraai, sal God die gety verander (**2 Kron. 7:14**). Laat ons nooit vergeet dat ons God lewe wil gee en NOOIT wil hê dat mense die dood kies nie! (**Deut 30:14-20**).

1. Bid vir die 22 lande van Afrika wat in gevaar is as gevolg van huidige voeseltekorte. Vra vir God se wysheid en openbaring vir elke regering om vinnig en effektief te reageer om in hulle mense se behoeftes te voorsien.
2. Bid vir die wêreld se gesondheidstoestande en vir die oorlewing van letterlik miljoene wat as gevolg van die stygende voedselpryse nie kan bekostig om kos te koop nie. Vra vir die Here om hulle wat in gevaar is sterk en gesond te hou ten spyte van hulle omstandighede en dat God in Sy genade vir hulle geld sal voorsien sodat hulle kos kan koop. Bid dat baie sal ondervind en sien dat die Here goed is en hulle lewens aan Hom sal gee.

3. Vra vir die effektiewe verspreiding van die beskikbare bronne van stapelvoedsel, soos bv. rys, koring en mielies. Vra vir guns vir Christen hulporganisasies om toegang te verkry veral tot gebiede wat geslote is vir die evangelie om sodoende die geleentheid te hê om God se liefde op praktiese wyse uit te dra.
4. Bid vir hulp groepe wat reeds agter geraak het in hulle pogings om voedsel aan die Afrika-kontinent te voorsien. Vra dat die kerk in Afrika sal opstaan en die geleentheid sal aangryp om kos te verskaf aan hulle wat in fisieke nood is en nie die geleentheid sal verontagsaam om die Brood van Lewe te deel en Lewende Water uit hulle harte te laat vloei nie (**Joh. 7:38**).
5. Bid teen wanvoeding wat reeds verantwoordelik is vir die dood van bykans 3,7 miljoen kinders elke jaar. Bid dat elke kind geleenthede sal hê om van Jesus te hoor, dat daar voorsiening vir hulle basiese behoeftes sal wees en dat baie wonderbaarlik van wanvoeding sal herstel. Vra dat baie lewens gered sal word.
6. Vra dat ryk lande gewillig sal wees om goedkeuring vir noodvoedsel-leniging/hulp te gee.
7. Bid dat oeste wat vir bio-brandstof gebruik gaan word, nie sal lei tot hoër voedselpryse en 'n tekort aan voedsel op die lang duur nie. Bid dat landbou-, regerings- en wêreldleiers wyse besluite hieroor sal neem.
8. Hierdie jaar gaan omtrent 'n kwart van die VSA se mielievoorraad na etanol vervaardigers en kan minder pluimvee of lewende hawe dus gevoer word. Bid asseblief oor die impak wat dit het op die beskikbaarheid van pluimvee en vee. In Suid-Afrika maak sommige boere hulle voerkrale toe of is verplig om radikaal af te skaal as gevolg van die stygende koste van veevoer. Vra die Here om in die harte van boere te werk en vir hulle maniere te wys waarop hulle hierdie probleme kan oorkom. Vra dat die Here die boere sal seën wat wel voortgaan om voedsel te produseer, hetsy graan, pluimvee of vee. Bid vir so 'n kragtige getuienis dat hulle en ander boere, hulleself, sowel as hulle plase, in die Here se hande sal oorgee. Bid dat hulle nie in die strik van vinnige rykdom sal trap nie, maar hulle harte sal rig op God se plan vir hierdie laaste dae.
9. Minder as 2% van die water op die aarde is vars water. Baie waterbronne is diep onder die aarde versteek. Bid dat die Here wetenskaplikes wêreldwyd sal wys hoe om varswater bronne op 'n koste effektiewe manier uit moeilik bereikbare dieptes te herwin.
10. Die *per capita* toeganklikheid tot skoon water in alle ontwikkelde en ontwikkelende lande is besig om te krimp omdat die aantal mense en hulle water aanvraag vergroot. Bid dat regerings wêreldwyd dringend aandag sal gee aan die opgradering en vervanging van ou opgaartenks, verouderde waterpype, druppende krane en ander defektiewe infrastrukture in al hulle dorpe en stede sodat water meer effektief bespaar kan word. Ongeveer 20% van alle beskikbare vars water gaan op hierdie manier verlore.
11. Die styging in die aarde se temperatuur het 'n invloed op die verdamping van water. Vra dat die Here miljoene Gelowiges oor die wêreld sal opwek om Hom oor hierdie probleem aan te roep. Bid dat dag en nag gebedswake oral sal ontstaan, dat mense berou sal hê oor hulle sonde en Hom sal aanroep vir die terugdraai van hulle volk se harte na God (**Ps.2:10-12**).
12. Bid vir alternatiewe laekoste oplossings vir die beperkte olie- en steenkoolbronne. Vra dat God vir mense in ons land kreatiewe idees sal gee oor hoe om hierdie toestande die hoof te bied, veral oor die opwekking van energie. Die *Durbanse Universiteit van Tegnologie* het begin om 'n unieke projek te loods wat daarop gemik is om brandstof uit riool te produseer. Bid dat hierdie en ander projekte soos dié regverdig en suksesvol bedryf sal word en dat die mense van Suid-Afrika werklik sal baat by die produksie van hierdie newe-produkte. Dank God dat Hy al reeds besig is om gebede te verhoor. Vra dat wetenskaplikes wêreldwyd aan die Here die eer sal gee vir dit wat Hý besig is om te doen.
13. 'n Belegging van meer as $1 triljoen sal oor die volgende 20 jaar gevind moet word om genoegsame watervoorsiening vir die wêreld se groeiende bevolking te verseker. Vra dat hierdie aangeleentheid onmiddellik deur alle regerings aangespreek sal word. Bid vir die nodige kundiges om te fokus op ontsouting, suiwering, pype, pompe en enigiets anders wat sal help om die geredelik toeganklike waterbronne te vergroot. Bid dat duisende Christene aktief by hierdie prosesse betrokke sal raak om God se wysheid en hoop na 'n sterwende wêreld te bring.
14. Vir Suid-Afrika: Bid vir 'n groter vermoë om bestaande waterbronne te suiwer, omdat riool 'n al groterwordende uitdaging vir ons beskikbare waterbronne bied.
15. Oorweeg dit om ander mense te nooi om positief te bid vir die uitdagings waarvoor ons wêreldwyd te staan gekom het.

16. *En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom* (**Kol.3:17**). *Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.* (**Ef.3:20-21**). (Gebede is voorgestel deur die skrywer van hierdie artikel.

Feite geneem vanaf: http://www.greenchipstocks.com/aqx_p/2952?gclid=CNaF4d3W5pECFRciFQodmQ7CEw. International Medical Corps: development@imcworld-wide.org).

10/40 Venster gebedsfokus op Indië

Gedurende die maand Oktober fokus ons op spesifieke sake en deurbrake in die Indiese volke met 'n beraamde bevolking van meer as 1 miljard mense. Indië is een van die lande wat binne die *10/40 Venster* val. Die inligting wat ons hier weergee is verreweg nie 'n volledige prentjie van die geweldige groot behoefte aan gebed vir hierdie land nie, maar dit behoort riglyne te verskaf oor hoe om oor 'n langer tydperk vir hierdie land te bid. Sommige dae se gebedsinligting sal meer wees as ander dae s'n sodat al die basiese gebedsriglyne vir 'n bepaalde gebied gegee kan word.

(Inligting en statistiek is geneem uit die betroubare gebedsbron van Patrick Johnstone en Jason Mandryk, *Operation World*, bll. 309-337 en ander Internetbronne). U kan ook verwys na die kaart van 7 Oktober waarop die verskillende state van Indië aangedui word.

Inligtingsblokkies: 🕮 **= Bybelvers** ▦ **= Statistieke/inligting** 🗣 **= Gebed**

Mans-wat-bid: Veg op jou knieë vir jou kinders

Die skrywer Stormie O'Martian sê in haar boek: *The Power of a Praying Parent*: "Die stryd vir die lewens van ons kinders word op ons knieë gevoer. As ons nie bid nie, is dit asof ons op die kantlyn sit en kyk hoe daar op die oorlogsveld vanuit alle kante op ons kinders geskiet word. Elke keer as jy vir jou kind bid, moet jy dit doen asof jy vir sy of haar lewe veg – omdat dit presies is wat jy besig is om te doen. Daar is niks soos 'n ouer, veral 'n pa, wat vir en saam met sy kinders bid nie."

Behalwe dat ons vir ons kinders bid, moet ons hulle ook leer om volgens **Ef. 6:11-17** vir hulle eie beskerming te bid deur daagliks die wapenrusting van God aan te trek. Leer hulle hoe om hulle gedagtes met die Woord van God te beskerm! Wek in hulle harte 'n liefde vir die Woord op. Wees ywerig in jou gebede. Wees getrou om hulle in die Woord te onderrig en wees konsekwent in jou persoonlike bestudering van die Woord en in jou stiltetyd. Bo alles, wees 'n voorbeeld vir jou kind om na te volg terwyl hy of sy volwasse in Christus word.

Iemand vertel dat haar 16-jarige dogter 'n nuwe Bybel wou hê al was haar ander Bybel nog nie baie oud nie. Verbaas hieroor het die ma ekstra moeite gedoen om vir haar dogter 'n mooi Bybel te kry wat by haar ouderdom pas. 'n Paar dae nadat sy haar nuwe Bybel gekry het, het die dogter teenoor haar ma erken dat sy skielik ervaar dat sy so min van die Woord van God weet en wonder of 'n leeftyd lank genoeg sal wees om die Here regtig diep te leer ken! God het 'n honger en dors na Homself in hierdie jong dogter se lewe gestort wat haar nie onveranderd sou laat nie!

Hier is 'n paar maniere waarop ons die Woord van God in ons kinders en kleinkinders se lewens kan inbid:

1. **Verstand: Lees Rom. 8:5-8**: Bid dat hulle verstand en denke beheer sal word deur die Heilige Gees sodat hulle lewens sal leef volgens die wil van God vol van vreugde en vrede.
2. **Wil: Lees Ps. 26:2-3, 139:2, 23-24:** Bid dat hulle altyd oop sal wees vir lering en onderrig en vra die Here om vir hulle die ware toestand van hulle harte te wys sodat hulle in waarheid en reinheid sal wandel.
3. **Soek Sy aangesig: Lees Pred. 7:25**: Bid dat hulle sal honger en dors daarna om die wysheid van God te verstaan en te soek. Dat hulle in staat sal wees om te onderskei hoe dwaas dit is om 'n lewe verwyderd van God te leef.
4. **Vertroue: Lees Jes. 26:3-4:** Bid dat hulle standvastig sal wees in hulle besluit om die Here te vertrou en dat hulle sal leer om Hom volkome te vertrou.

5. **God eerste: Lees Matt. 22:37:** Bid dat hulle die Here sal liefhê met hulle hele hart, siel en verstand. Dat die Here vir hulle 'n werklikheid sal wees en ook hulle grootste held!
6. **Vernuwing: Lees Rom.12:2:** Bid dat hulle nie aan die wêreld gelyk sal word nie, maar dat hulle verander sal word deur die vernuwing van hulle denke deur tyd met die Woord deur te bring.
7. **Christus in hulle**: **Lees 1 Kor.2:16b, 2 Kor.10:5, Fil.4:8-9:** Bid dat hulle altyd die Gees van Christus sal hê, dat die groepsdruk van vriende en die media hulle nie sal ontwrig nie.
8. **Vrede: Lees Fil.4:7**: Bid dat die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor jou kind se hart en gedagtes die wag sal hou in Christus Jesus. Dat hulle vry van vrees sal wees.
9. **'n Ware skat: Lees Kol.3:2:** Bid dat hulle gedagtes gerig sal wees op die dinge wat daarbo is en nie wat op die aarde is nie. Vra die Here om jou as ouer te help om aan so 'n lewe te vorm.
10. **Vrye tyd: Lees Ps.27:4-8:** Bid dat hulle God se stem sal hoor en graag hulle Bybels sal lees en vanaf 'n vroeë ouderdom tyd met God alleen sal deurbring. Vra dat hulle vriende hulle liefde vir die Woord sal raaksien en saam met hulle die Here sal wil dien.

Jeug-wat-bid: Die *10/40 Venster* oopmaak?

Daar is 65 lande in die gebied wat die *10/40 Venster* genoem word. Dit strek vanaf Noord-Afrika oor die Midde-Ooste, Sentraal-Asië, Sjina en Indië tot by Japan. Ongeveer 80% van al die armste mense en ongeveer 90% van al die mense wat nog nie met die evangelie bereik is nie en die grootse nie-Christelike godsdienste van die wêreld (Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam) woon hier. In hierdie 65 nasies is daar baie min sendelinge en hulle werk in baie moeilike omstandighede onder baie vervolging. In sommige plekke is daar een sendeling wat die evangelie aan 200 000 mense moet bring. Dink aan 'n pastoor met 'n gemeente van 200 000 lidmate en nie een ken vir Jesus nie, sommige van hulle haat jou as sendeling en wil niks van Jesus hoor nie en die meeste van hierdie mense het nog nie die Naam van Jesus een maal in hulle lewens gehoor nie! Daar is miljoene kinders wat in die *10/40 Venster* woon en net soos hulle ouers ken die meeste van hulle nie vir Jesus nie. Baie sendelinge word benodig in die *10/40 Venster* om mense van Jesus te vertel. Een van die belangrikste dinge wat jy kan doen, is om vir die mense wat daar woon **in te tree.**

Kom ons maak die venster oop…

Hoe? Ons moet die venster oopmaak deur volhardende gebed en intersessie.

Wat vra ons vir die Here? Dat ons meer sendelinge, Bybels, Christelike boeke, kassette en die *JESUS Film* soontoe kan stuur. Dat ons meer radioprogramme sal kan opneem. Bid dat Jesus Homself deur drome en visioene aan hierdie mense sal openbaar. Miskien is die Here besig om jou te roep om na die *10/40 Venster* as sendeling te gaan! Bid dat elke persoon wat daar woon graag meer van Jesus sal wil weet, harte sal hê wat gereed is om Hom aan te neem en ander Christene sal soek wat hulle sal help groei in hulle verhouding met die Here.

Hoekom? Hierdie mense is sonder Jesus, sonder hoop, hulle gaan nie hemel toe nie. Miljoene arm mense leef in verskriklike onmenslike omstandighede en in baie lyding. Nóg hulle omstandighede, nóg hulle godsdiens gee vir hulle enige hoop.

Vir wie? Bid vir die mense in die *10/40 Venster*, hulle leiers en veral vir die vrouens en die kinders wat baie swaar kry. Bid vir die Christene in die Venster wat uit hulle families geskop word en hulle vriende en werk verloor omdat hulle in Jesus glo. Sommige van hulle lewens is in gevaar. Die regerings laat nie godsdiensvryheid toe nie en maak die lewe vir die Christene baie moeilik. Bid vir die plaaslike kerke wat in die meeste gevalle in baie moeilike omstandighede leef.

Wie nog? Vir die sendelinge. Dat hulle veilig sal wees en gesond sal bly, geen probleme met die regering sal hê nie, goeie verhoudings met die mense sal hê en geleenthede sal kry om die evangelie met die mense te deel.

DIE HERLEWING WAARNA ONS VERLANG, HET REEDS BEGIN

Deur Floyd McClung

Ons leef in die tyd van die grootste herlewing in die geskiedenis van die kerk. Dit het reeds begin. Ons besef dat baie mense besig is om te bid vir meer herlewing en dat daar ook baie onvervulde drome in die harte van die Here se kinders is rondom herlewing, maar dit sou verkeerd wees as ons nalaat om raak te sien wat God reeds gedoen het en besig is om te doen in antwoord op ons gebede. Ons moet versigtig wees om "herlewing" so te definieer dat dit net aan 'n baie spesifieke eng begrip voldoen – wat ons gewoonlik definieer volgens ons eie standaarde.

Waarom glo ek dat die groot herlewing waarvoor ons gebid het en waarna ons verlang het reeds begin het?

1. Meer mense het in die laaste vyftig jaar *na Jesus toe* gekom as in die res van die Christelike geskiedenis saam. Meer as 50 000 mense kom elke dag tot geloof in Jesus in Sjina, Indië en Afrika. En dié getalle groei jaarliks vinniger as die bevolkingsgroei. Ek weet dat wanneer ons vir herlewing bid, ons vir die Here vra om die kerk te vernuwe en dat gelowiges berou sal hê oor sonde en onverskilligheid en vir die transformasie van die gemeenskap. Is daar 'n groter wonderwerk as iemand wat tot geloof in Christus kom? Is daar berou of transformasie wat groter is as een persoon wat deur God se liefde verlos word en verseker word dat hy die ewigheid in die Vader se teenwoordigheid gaan deurbring? Dit is die grootste vorm van herlewing en dit is op die oomblik besig om op 'n geweldige groot skaal dwarsoor die aardbol te gebeur. Kom ons dank die Here! Mense wat onder die Dalit (die uitgeworpenes) in Indië werk, sê dat letterlik "enorme" getalle elke week na Christus toe kom. Die aantal Christene in Indië het die laaste 15 jaar verdubbel (en dit na meer as twee eeue van intensiewe sendingwerk en pogings deur die Indiese kerk self).
2. In baie dele van die wêreld sien ons herlewings (soos ons dit gesien het in die eerste en tweede *groot oplewings* in die 1740's en die 1850's, die herlewing in Wallis in 1904 ens.), Sjina, Fidji, Indië, sekere plekke in Afrika, Latyns-Amerika. Daar was 'n eb en vloed (kom en gaan) van herlewings oor die laaste twee dekades, tog is dit aan die gebeur in baie lande.
3. *Kerkplantingbewegings* het in baie lande begin en miljoene mense in Die Koninkryk van die Here ingebring. Honderde duisende klein gemeentes wat deur gewone mense gelei word, het oral oor die wêreld ontstaan. Dit is herlewing.
4. Ek glo dat herlewing reeds begin het omdat meeste van die onbereikte mense groepe in die wêreld binnegedring is met die goeie nuus van Jesus, baie van hulle oor die laaste 2-3 dekades.
5. Ek glo herlewing het begin omdat miljoene, nie net duisende of honderde duisende nie, maar miljoene *Moslems* tot geloof in Christus gekom het gedurende die laaste 25 jaar. Betroubare statistiek beweer dat meer Moslems in die laaste 10 jaar na Christus gekom het as in die vorige 1 300 jaar.
6. Ek glo dat herlewing uitgebreek het omdat die Berlyn muur geval het en die Kommunistiese wêreld deur die soewereiniteit van God geskud is. Hy verwyder konings en stel konings aan in 'n kwessie van dae. Nie in jare of eeue nie, maar dae. Baie *onderdrukkende regerings* het hulle greep verloor en oor die laaste 15 jaar is hulle besig om hulle greep op mense te verloor wat daartoe gelei het dat hierdie nasies nou oop is vir die verkondiging van die evangelie – soos bv. Kambodja, Viëtnam, Bulgarye, Roemenië, Sentraal-Asië, Sjina en Nepal.
7. Ek glo herlewing het begin omdat die kerk meer as ooit tevore oortuig is om die nood van die armes te verlig en geregtigheid aan verdruktes te laat geskied.
8. Ek glo herlewing het begin omdat ons nie meer net 'n evangelie van persoonlike verlossing verkondig nie, maar ook 'n evangelie van Die Koninkryk van God.
9. Ek glo herlewing het uitgebreek omdat sakelui Die Koninkryk van God in hulle sakeondernemings bevorder en ook in die nasies van die aarde, ook omdat vroue meer en meer beskou word as gelykes in God se koninkryk.
10. Ek glo herlewing het begin omdat Christene in baie nasies in die *markplein* begin opstaan as "*markplein-evangeliste*" en verstaan wat hulle rol is as getuies van die verlossing van Christus en voorsiening in die behoeftes van mense in die *markplein*.
11. Ek glo dat herlewing reeds begin het omdat miljoene en miljoene mense begin bid het en die momentum is besig om te groei. In die 70's was daar in die VSA en in baie ander lande 'n oproep op mense om 40 dae lank vir herlewing te vas. Tienduisende het reageer en 40 dae lank gevas. Baie het vir die eerste keer in hulle lewens gevas. Dit het dwarsoor die wêreld versprei. In die jare negentig is duisende 40 dag tydperke van vas en gebed oral oor die wêreld

gehou. In die 90's was daar 'n oproep om vir die *10/40 Venster* te bid – en kyk wat het met die *10/40 Venster* gebeur! Tot 40 miljoen Christene het in 1997 deur een van hierdie *Praying Through the Window* inisiatiewe gebid. In die 90's was daar ook 'n oproep om gedurende die maand *Ramadaan* vir Moslems te vas en te bid. Miljoene volgelinge van Jesus het hierop reageer en het daarna elke jaar daarmee volgehou.

12. Gebedsbewegings en nasionale gebedsnetwerke het oral oor die wêreld ontstaan. Huise van gebed, 24/7 gebedswagte, *boiler rooms,* gebedspanne wat oor die wêreld reis, gebed vir die *10/40 Venster*, die *Wêrelddag van Gebed*, stadions propvol mense wat bid en gebedswandelinge is in volle momentum. Mense bid soos nog nooit tevore in die geskiedenis nie. In ten minste 160 nasies van die wêreld is daar ten minste een of meer 24/7 funksionerende gebedswagte. Baie nuwe en kreatiewe gebedsinisiatiewe word elke jaar geloods. Daar is 'n verstommende ontwaking onder jong mense en ook onder die kinders.

Gebed is 'n roep uit die hart van die Here se kinders wat desperaat is vir meer van Hom en dit is die Heilige Gees wat die harte van mense opwek om te verwag dat die Vader Sy hand oor die geskiedenis sal beweeg. God roep ons nie op tot gebed om ons te frustreer of te verneder nie. Ons het gebid en God het geantwoord. Laat ons nie ignoreer wat God gedoen het en ondankbaar wees nie. Kom ons dank die Here vir antwoorde op gebed, vir die herlewing wat begin het en laat ons met danksegging volhard om die diepste verlangens van ons harte voor God uit te stort en Hom te smeek om nog meer, baie baie meer te doen.

Vroue-wat-bid: In die oog van die storm saam met God

Gee tog ag op my geroep, Here, gee my insig soos U beloof het (**Ps.119:169**).

Jare gelede het een van ons studente vriendinne lank voor ons almal getrou. Na 'n rukkie het ons 'n reünie gehou en lekker gesels oor dit wat met ons gebeur het. Ons wou natuurlik alles oor die getroude lewe weet en sy het vir ons baie vertel. Een van die dinge wat sy gesê het en ek die beste onthou, is dit*: God het vir my gewys dat wanneer my man by die huis kom, ek vir hom 'n hawe in die storm moet wees en nie 'n storm in die hawe nie!*

As vroue is ons dikwels onder groot druk en daar word baie van ons verwag. Ons is die eerstes wat soggens opstaan en dikwels die laastes wat saans tot rus kom. Vandag vra God vir jou en my 'n vraag: veroorsaak jou lewe 'n storm of is jy soos 'n hawe? Jy hoef nie getroud te wees om dié eienskap in jou lewe te begeer of te kweek nie. Ek hoop die volgende gedagtes sal jou inspireer om te besef van watter groot belang 'tyd met die Here' in die lewe van 'n vrou is. Tyd met die Here help ons om weer asem te haal, reguit te dink en die belangrikste van alles: om God se stem duidelik te hoor juis oor die dinge wat ons dikwels dryf om soos 'n storm of soms selfs soos 'n vernietigende tornado te woed! Die enigste manier om 'n tornado te oorleef, is om die oog daarvan te vind en daar te skuil. In ons geval beteken dit tyd maak met die Here om in Sy teenwoordigheid in te kom.

'n Paar wenke oor hierdie skuilplek; verander die manier waarop jy na tyd kyk:

1. **Stiltetyd:** Dit is nie 'n luukse nie, dit is 'n noodsaaklikheid**.** Begin met net 30 minute elke tweede dag. Hou 'n notaboek byderhand en skryf alles wat in jou hart opkom neer. Begin daaroor bid. Hoe meer dikwels jy dit doen, hoe meer vrede sal jy in jou hart en gedagtes kry. Ek vind dat die neerskryf van my gebede my help om te verstaan hoe die Here my lei oor die dinge waaroor ek moet bid en hoe Hy daaroor voel. Daar mag ander metodes wees wat beter vir jou sal werk, maar probeer tog dié metode ten minste 2-3 maande lank.
2. **Vas:** Van kos as dit is soos die Heilige Gees jou lei. MAAR – belangriker as enigiets anders – hou op rondhardloop! Verander jou gewoontes as dit nodig is. Neem 'n vaste besluit om te loop en nie te hardloop nie, om jou tee klaar te drink voordat jy die volgende ding doen, WEES RUSTIG! Hou op jaag. Ek weet ons vrouens kan drie goed tegelyk doen, maar probeer om een ding op 'n slag te doen vir ten minste een dag per week! Selfs as ons net fisies stadiger beweeg, sal daar meer vrede in ons harte kom. 'n Bietjie beplanning van ons daaglikse aktiwiteite sal ook nie skade doen nie.
3. **Seën iemand**: Dit hoef nie 'n iets groots te wees nie. Wanneer jy by jou man verbyloop, of by die kinders of verby 'n vriendin of 'n kollega, sit net vinnig jou hand op haar kop of skouer en sê: Die *Here seën jou.* So sal jy hulle vir 'n oomblik tot stilstand laat kom om aan die Here te dink en te wonder hoekom jy dit gedoen het! (Dit is buitendien 'n goeie gewoonte en dit maak van jou 'n gehoorsame dienskneg van Jesus Christus)! (**Num.6:24-27**). Vra vir die Here

om jou dinge te wys wat jy vir mense kan doen, eenvoudige dinge, wat nie onnodig beslag op jou tyd sal lê nie. Jy kan ook mense in stilte seën as jy by hulle kantore verbyloop, by die skool verbyry of mense soos bv. jou kinders, vriende en familie wat nie naby jou is nie, met voorbidding seën.

4. **Tyd af:** Dit is nie altyd moontlik nie, maar kyk of jy ten minste een keer in 6 maande 'n dag of 'n halfdag opsy kan sit net om te bid en die Here te prys. Probeer om dit met jou man, gesin en vriende te reël. Gaan na 'n plek waar niemand jou kan pla nie en skakel jou selfoon af. Vat jou Bybel, 'n notaboek en aanbiddingsmusiek of jou musiekinstrument saam. Begin deur alles wat jou pla, neer te skryf. Aanbid die Here solank as wat jou hart begeer. Prys die Here vir Sy goedheid en maak seker dat jy neerskryf wat Hy vir jou wys gedurende die tyd van aanbidding. Gebruik die res van die tyd om lekker lank Bybel te lees en oor al die dinge te bid wat in jou hart opkom.
5. **Hou aan:** Sorg vir jouself deur gereeld tyd saam met die Here deur te bring.
6. **Hou op!** Wat is daar wat jou die meeste omkrap? Maak NOU DADELIK 'n lys! Soek die Here se beloftes wat twyfel, vrees, stryd ens. aanspreek. Skryf nou 'n spesifieke belofte langs elke probleem neer. Begin om die waarheid van die Woord van die Here oor jou probleme te spreek. Verklaar volgens die beloftes van God die waarheid en die liefde van God oor jou uitdagings en jou probleme. Lê hulle voor Sy voete neer. Sodra jy agterkom dat jy weer die probleme self probeer dra, lê jy dit weer by Hom neer en hou daarmee aan totdat jy heeltemal vry is van jou probleme. Sodra nuwe probleme opduik, voeg jy dit by die lys. Wat jy ook al doen, moenie toelaat dat jy probleme in jou lewe huisves waaroor jy nie gebid het nie.

God, ons Vader en die Here Jesus Christus, ek gee nou my tyd, my liggaam, my verstand, my wil en my emosies vir U. Help my asseblief om stadiger te leef, om ander te seën, om tyd met U deur te bring en om die dinge wat my omkrap, te laat staan. Leer my U weë wat beter is as myne. Ek verlang na 'n innige verhouding met U, Here Jesus, wys my asseblief die pad. Help my om my tyd te beplan en gee my wysheid om my energie op so 'n wyse te gebruik dat dit U Naam verheerlik. In Jesus se Naam bid ek. Amen.

Kerk fokus: Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)

Hierdie wêrelddag van intersessie vir vervolgde Christene wêreldwyd is vir die eerste keer in 1966 gehou. Van 'n kerngroep van ongeveer 7 000 kerke het die *IDOP* gegroei tot die grootste gebedsdag van sy soort ter wêreld. Die primêre fokus is intersessie en praktiese betrokkenheid by Christengemeenskappe wat vervolg word asook gebed vir die bekering van die verdrukkers, die nasies wat Christene vervolg en vir die wat die vervolging ignoreer.

In November fokus ons deur gebed op die *Vervolgde Kerk*. Internasionale statistiek bewys dat ongeveer 150 000 Christene elke jaar vir hulle geloof gemartel word. Meer as 200 miljoen Christene kan nie vryelik hulle Christelike geloof uitleef nie. Daar is 'n toenemende aanslag op Christene wêreldwyd. Meer en meer lande aanvaar wetgewing wat dit al moeiliker maak vir Christene om hulle geloof uit te leef en wetgewing wat hulle verhinder om vrylik bymekaar te kom. Daar is ook konstante pogings om die Bybel te verban.

Hierdie jaar val die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk* op 9 & 16 November. (Webruimte: http://www.idop.org/). Sluit aan by miljoene Christene wat vanjaar vir die *Vervolgde Kerk* gaan bid.

Hoe om te bid vir die persoonlike behoeftes van mense

Om vir mense se persoonlike behoeftes te bid, vir daardie dinge waarmee mense van dag tot dag in hulle lewens worstel, is een van die grootste voorregte van Christene en ook een van die beste geleenthede om vir mense te wys dat ons vir hulle omgee en hulle liefhet, en dat Jesus vir hulle gekom het en hulle liefhet. Minder as 10% van alle mense is normaalweg gereed vir 'n direkte gesprek oor Jesus Christus en hulle verlossing, maar bykans 97% van alle mense is altyd gewillig dat jy vir hulle bid oor die behoeftes, probleme en die uitdagings wat hulle op daardie oomblik beleef. Baie min mense sal gebed weier, veral as hulle spesifieke behoeftes het. Dit geld ook vir mense van ander godsdienste soos Hindoes, Boeddhiste en Moslems. Ons wil jou aanmoedig om dit gereeld te doen – bid vir die behoeftes van Christene en nie-Christene met wie jy elke dag te doen het.

'n Paar wenke oor hoe om dit te doen:

1. Moenie 'n groot ophef maak nie. As jy mense ontmoet wat hulle behoeftes, kommer, probleme, uitdagings ens. met jou deel, bied aan om vir hulle te bid.
2. Dit werk die beste as jy net daar saam met hulle bid. Moenie wag tot jy by die huis is nie. Mense sien dat iemand omgee en dit help jou terselfdertyd om die vrymoedigheid te ontwikkel om dit te doen.
3. Vra vir die persoon of hy sou omgee as jy vir hom bid en bid dan 'n eenvoudige gebed. Wees sensitief sodat jy nie die persoon in verleentheid stel nie. Moenie hard en lank en baie demonstratief bid nie.
4. As jy die persoon weer na 'n dag of wat raakloop, vra hoe dit gaan en of daar enige vordering met die saak is waarvoor julle gebid het. Miskien is die deur oop om weer saam met hom/haar te bid. Jy kan ook belowe dat jy sal aanhou bid soos wat die Here jou lei. In hierdie stadium kan jy dalk vir die persoon 'n teksvers gee om hom/haar te bemoedig.
5. Dit is altyd goed om 'n seëngebed te bid as jy saam met iemand bid. Vra vir die Here om in die persoon se situasie in te gryp en om hom te seën. Christene is soms bang dat wanneer mens bid dat God iemand sal seën, ons so met sy/haar sonde saamstem (in gevalle waar mense in sonde lewe). Dit is egter nie so nie. As jy bid dat die Here iemand seën, bid jy dat die Here in Sy wysheid die persoon sal oortuig van sonde en dat Hy die persoon sal troos, gesond maak, hom sal omkeer en vir hom die regte pad sal wys.
6. Soveel mense maak van sulke geleenthede gebruik om "iemand na die Here te lei" (hulle probeer om die persoon gedurende die gebed of selfs voor die gebed te red) – moet dit nie doen as die Here jou nie direk so lei nie. Bid net. God werk op Sy eie manier. Mense het nodig om eers opregte liefde en empatie te ervaar voordat hulle hul harte oopmaak vir die boodskap van verlossing. (Die meeste mense maak eers 'n oorgawe om Jesus Christus te volg na 8 – 11 positiewe kontakte met Christene)!
7. Maak 'n gewoonte daarvan om daagliks vir mense te bid. Luister na hulle. Soek na geleenthede om gebed "aan te wend" vir hulle persoonlike behoeftes.
8. Jy kan ook meer doen as bid. As iemand se motor stukkend is, bied aan om die kinders skool toe te neem. As daar siekte in die huis is, neem vir hulle kos of bied aan om die wasgoed te was. Daar is so baie moontlikhede. Ons moet bid én doen. Soms kan ons niks vir die persoon doen nie, maar ons kan vir hom/haar bid. Ander kere kan ons vir iemand bid en iets doen om te wys ons gee om.

Hoe om vir siekes te bid

Toe Jesus Sy dissipels uitgestuur het, het Hy hulle beveel om die evangelie te verkondig, siekes gesond te maak, melaatses te reinig en dooies op te wek (**Matt.10:7**). As dissipels van Jesus het ons 'n baie duidelike opdrag om vir siekes te bid. In **Markus 16:17-18** lees ons: *Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo…hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word.* Ons lees ook in **Jakobus 5:14** dat ons vir die siekes moet bid en hulle met olie moet salf. Kom ons gryp elke geleentheid aan om vir siekes te bid. Moenie skaam of bang wees om dit te doen nie. Die Here luister na AL Sy kinders se gebede. Ja, dit is waar dat God 'n gawe van genesing aan sommige mense gee, maar dit beteken nie dat al sy ander kinders nie vir siekes kan of mag bid nie. Daagliks kom baie Christene in eenvoudige geloof na die Here en vra vir die genesing van hulle vriende, familie en ander siek mense – en hulle sien hoe God antwoord.

1. Moenie geïntimideer voel deur die siekte van die persoon vir wie jy bid nie. Kyk net eenvoudig op na God en vra Hom. Moenie probeer om vreeslike "geestelike" gebede te bid nie. Rig net jou hart op tot God en bid 'n eenvoudige gebed om te genees.
2. In sommige gevalle sal jy voel jy wil iemand met olie salf voor jy vir hom bid. Jy kan iets soos olyfolie gebruik. Sit net so 'n klein bietjie olie op die persoon se voorkop en vra die Here om hom te genees. (Verduidelik miskien vooraf vir die persoon waarom jy dit doen).
3. As jy vir iemand bid, kan jy, gelei deur die Heilige Gees, vir hom vra of sy lewe met die Here reg is – of daar enige onbelyde sonde, enige bitterheid of onvergewensgesindheid of enigiets anders is wat reggestel moet word. Help die persoon om dit uit die weg te ruim voordat jy vir hom bid. God werk op verskillende maniere. Soms, veral in die geval van ongeredde persone, maak die Here die persoon gesond en die genesing bewys vir hom dat God omgee. So 'n genesingswonderwerk bring dikwels die persoon tot geloof in Christus Jesus.
4. Daar is verskillende maniere waarop die Here siekes gesond maak:

- Die Here maak gesond deur die oplê van hande.
- Die Here maak gesond deur salwing met olie en gelowige gebede.
- Die Here maak soms mense gesond wanneer hul nagmaal gebruik.
- God maak mense gesond in antwoord op voorbidding vir hulle.
- God kan dokters en medisyne gebruik om mense gesond te maak.
- God maak ook gesond as die persoon vir sy/haar eie genesing bid.

Onthou altyd dat dit Hy is wat genees, en waar en wanneer Hý wil – maar Hy wíl genees!

5. Raak vertroud met sommige van die bekende Skrifgedeeltes oor genesing en bring daardie beloftes deur gebed voor die troon van God wanneer jy met vrymoedigheid na Sy troon van genade gaan vir hulp. **In Eksodus 15:26** noem die Here Homself Yahweh-Ropheka en dit beteken: die Here wat genees. Dit is God se Naam, dit is wie Hy is en dit is wat Hy vir ons kan en wil doen. Bid tot die God wat Homself Yahweh-Ropheka noem as jy vir die siekes bid. *Hy het gesê: "Julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in My oë, gehoor gee aan My gebooie en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou."*
   - Hy vergeef al my sonde en genees al my siekte (**Ps.103:3**).
   - Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde (**Ps.147:3**).
   - Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam (**Spr.3:7-8**).
   - Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom (**Jes.53:4-5**).
   - Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle duiwels uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; met hulle hande sal hulle slange optel en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word (**Mark.16:17-18**).
   - Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir die gevangenis uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur (**Luk.4:18**).
   - As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderling van die gemeente laat kom en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word. Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking (**Jak.5:13-16**).

Kinders-wat-bid: Bybels orals asseblief, Here!

Stel vir jou voor 'n lewe sonder 'n Bybel. Hoe sou jy ooit die verhaal van Jesus se liefde en **vergifnis** geken het? Hoe sou jy geweet het wat die Here wil hê jy moet doen? Hoe sou jy van gebed geweet het? Die Bybel is soos 'n lig wat vir ons die pad deur die lewe wys. Maar ongeveer 400 miljoen mense het nie die Bybel in hulle eie taal nie. Die meeste van hierdie mense is kinders. Baie tale het nie eers 'n vertaling van een Bybelversie nie. Dit is omdat sommige tale nie 'n alfabet het nie. As daar geen alfabet is nie, is daar geen geskrewe woorde nie. En as daar geen geskrewe woorde is nie, is daar geen Bybel nie. Die goeie nuus is dat honderde mense oor die wêreld werk as Bybelvertalers. Hulle vat die Woord en gedagtes van die Bybel en skryf dit oor in die woorde van 'n ander taal. Sommige vertalers is sendelinge wat na ver lande toe gaan om daar saam met die mense te leef, hulle taal te leer en te help met Bybelvertaling. Wil jy nie daaraan dink om van Maandag tot Vrydag vir die volgende sake te bid nie?

Vra jou ouers om vir jou 'n groot wêreldkaart te kry. Kyk of jy Indië, Sjina en Afrika kan vind. Elke aand of enige tyd as jy onthou, sit jou hand op hierdie lande en bid vir elke persoon wat daar woon om die Here Jesus te leer ken en sy eie Bybel te kry.

1. **Begrip:** Here, ek vra dat U Gees van wysheid en insig op die Bybelvertalers sal rus sodat hulle hul werk goed sal kan doen (**Jesaja 11:2, Spreuke 2:6**).
2. **Beskerming:** Vader, beskerm asseblief die Bybelvertalers teen gevare en siektes. Verlos hulle van die bose wat hulle kwaad wil aandoen (**Psalm 16:1, Spreuke 18:10, 2 Korinthiërs 11:26**).
3. **Verspreiding:** Vader, mag elke persoon wat nie 'n Bybel het nie, gou sy eie Bybel kry om te lees en gee dat hulle wat nie kan lees nie, na die Bybel sal kan luister op CD of kasset.
4. **Werkers:** Stuur mense wat die Bybel vir hulle wat U nie ken nie, kan vertaal, want hulle kan nie in iemand glo van wie hulle nog nooit gehoor het nie (**Romeine 10:14,17**).
5. **Dank:** Vergewe my dat ek die Bybel wat ek het as vanselfsprekend aanvaar en dat ek nie my Bybel genoeg lees nie en dat ek nie bly genoeg is oor U Woord nie – dit is meer werd as goud (**Psalm 119:14,72**).

GEBEDSFOKUS OP INVLOEDRYKE MENSE

Alle mense kan ander mense beïnvloed, ten goede of ten kwade. Tog is daar mense wat uiters invloedryk is en wat die lewe van miljoene op 'n wêreldwye skaal kan beïnvloed. Nie almal van hulle dien die Here Jesus nie. In hierdie kort oorsig kies ons 10 van die 100 mense in die wêreld wie in 2008 aangewys is as die invloedrykste ter wêreld. Ons moet vir hulle bid dat hulle aan God die eer sal gee en dat hulle Sy instrumente sal word sodat miljoene oorreed kan word om Jesus Christus as hulle verlosser te aanvaar. Ons moenie moeg word om volhardend te bid vir hierdie mense en vir baie ander soos hulle nie. As jy deur die volgende gebedsaanwysings bid, wil jy nie daaraan dink om ander ook aan te moedig om vir hierdie en vir ander invloedryke persone te bid nie, sodat hulle hul lewens onvoorwaardelik aan Jesus sal gee, sal erken dat Hy Here is en dat hulle hul aan Sy Heerskappy sal onderwerp.

1. **Die Dalai Lama** – 72 jaar oud – word beskou as die leier van die Boeddhiste. Vra die Vader om Jesus Christus op 'n kragtige wyse aan hierdie man te openbaar deur die werking van die Heilige Gees. Vas en bid vir sy radikale bekering tot Christus voordat hy sterf en dat hy sal erken dat Jesus Here is en hom aan Sy Heerskappy sal onderwerp.
2. **Kevin Rudd** - 50 jaar oud – verkies tot Eerste Minister van Australië in November 2007. Jare lank het die Australiese regering geweier om die Aborigine (inboorlinge van Australië) vergifnis te vra vir dit wat aan hulle gedoen is in die verlede – veral vir die sistematiese verwydering van kinders van hulle ouers in die 1970's. Nadat hy verkies is, het hy 'n formele verskoning uitgereik aan die Aborigine oor die algemeen en ook aan die oorblywende lede van gesteelde generasies, hulle gesinne en familielede. Vra dat hierdie man in 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus sal kom, guns by sy mense sal kry en suksesvol sal wees as regeerder.
3. **Muqtada Al-Sadr** - 34 jaar oud – Sjiïtiese leier in Irak. Hy geniet die ondersteuning van die Sjiïtiese massas en so beheer hy stabiliteit in Suid-Irak. Hy is in staat om die oorlogsugtige koalisie te beheer, maar ook die politieke vordering in Irak te ontwrig in die komende provinsiale verkiesings. Hy is in 'n posisie om wêreldgebeure te verander. Bid dat hierdie man drome en visioene van die Here Jesus sal ontvang sodat hy kan help om vrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig, sy lewe aan Jesus oorgee en 'n ambassadeur vir Die Koninkryk van God in Irak word.
4. **Baitullah Mehsud** – in sy middel 30's – 'n stamleier in Pakistan. Hy word daarvan verdink dat hy die meesterbrein agter die sluipmoord aanval op Bhutto was. In sy eerste televisie-uitsending het hy daarop aanspraak gemaak dat hy gewelddadige aanvalle op sekere westerse volkere beplan. Die Pakistani regering sal iets moet doen aan die dreigemente van hierdie man. Roep tot die Vader vir sy bekering. Vra ook vir die bekering van sy volgelinge en dat God veranderinge in die lewe van hierdie volgelinge sal bewerk wat tot Sy verheerliking sal strek.
5. **Oprah Winfrey** – 54 jaar oud – aanbieder van 'n gewilde geselsprogram met 'n internasionale gehoor. Sy het die afgelope 20 jaar daaraan gewerk om verhoudings met haar kykers en lesers te bou. Sy beïnvloed miljoene deur, soos sommige beweer, die geringste standpunt wat sy inneem. Vra dat Oprah die Jesus van wie sy weet, sal leer ken. Vra dat dit 'n groot invloed sal hê op die manier waarop sy haar program aanbied en haar persoonlike lewe lei. Bid dat haar getuienis miljoene sal oortuig om Jesus te kies as die enigste God wat gedien moet word.
6. **Kaká** – 26 jaar oud – besondere jong sokkerster van Brasilië. Hy is aangewys as die FIFA Wêreldspeler van die Jaar sowel as die Europese Voetbalspeler van 2007. Hy is nou 'n ster en hy is 'n toegewyde evangeliese Christen. Hy het in die openbaar bely dat hy graag 'n prediker sal wil word as hy ophou sokker speel. Nadat hulle die Europese kampioenskapsliga gewen het verlede jaar, het hy sy trui uitgetrek waaronder hy 'n T-hemp aangehad het met die

woorde: EK BEHOORT AAN JESUS. Loof die Here vir die kragtige getuienis van hierdie jongman. Bid dat hy standvastig in sy geloof sal bly, nie voor versoeking sal val nie en dat baie vir Jesus sal kies na aanleiding van sy getuienis.

7. **Sheik Mohammed al-Maktoum** – 58 jaar oud – heerser van Dubai. As alleenheerser van sy land sedert 2006 het hy hierdie woestyn-emiraat verander in 'n prominente wêreldsentrum vir sake, finansies, handel en toerisme en daardeur Dubai omskep in 'n internasionaal-erkende sinoniem vir sukses in die Midde-Ooste. Dubai is maar net een van die state van die Verenigde Emirate. Bid ernstig vir hierdie man se radikale bekering, die bekering van sy onmiddellike familie en diegene saam met hulle in gesagsposisies. Vra dat hulle getuienis na die ander state sal oorspoel en dat hulle miljoene in Die Koninkryk van die Here sal intrek.
8. **Jacob Zuma** – 66 jaar oud – staan as kandidaat vir die volgende President van Suid-Afrika. Sy retoriese beleid uitsprake ten gunste van die armes vind aanklank by baie gewone Suid-Afrikaners wat nie baat vind by Mbeki se besigheidsvriendelike beleidsrigting nie. Vra vir God om aan hierdie man 'n openbaring te gee van Jesus Christus, die Seun van God, die Opperleier van die heelal. Bid dat hy homself geheel en al aan die soewereiniteit van God sal onderwerp en dat dit 'n radikale verandering in elke aspek van sy lewe sal meebring - persoonlik sowel as polities en dat hy 'n voorbeeld vir miljoene sal wees.
9. **Madeeha Hasan Odihaib** – 37 jaar oud – vroeër 'n naaldwerkster in Irak. Vier jaar gelede het hierdie moeder van twee streeksraadslid geword en het haar 3 naaimasjiene vermeerder tot 60 en daarmee is 'n sakeonderneming opgebou wat hospitaal lakens en vlae maak. Sy verskaf op die oomblik werk aan 100 vroue in Irak, wat een van die ergste humanitêre krisisse ooit beleef. Bid vir die radikale bekering van hierdie vrou en van al haar werknemers.
10. **Larry Brilliant** – 64 jaar oud – het gehelp met die uitwissing van waterpokkies. Sedertdien werk hy saam met die Verenigde Nasies om blindheid te bekamp in die ontwikkelende wêreld. Sy kennis van die wetenskappe maak hom een van ons groot sosiale entrepreneur-leiers. Bid vir die man se bekering en dat sy getuienis sy invloedsfeer sal aanraak. Vra vir God se guns op sy lewe sodat hy meer betekenisvolle deurbrake in sy veld gedurende sy lewe sal beleef. Bid dat baie Christus as Here sal aanneem oor die werk wat hy doen.

(Feite geneem uit, dubbele uitgawe, TIME magazine, 12/05/2008, bll.29-90. Gebede voorgestel deur die outeur van hierdie artikel).

GEBEDSAKTIWITEIT IN DIE OOS-KAAP

HOE HET HIERDIE GEBEDSWAG TOT STAND GEKOM?

Oor die jare was daar verskeie onafhanklike gebedsgroepe wat die vaandel van gebed in die Metropool gedra het. Dit was egter na twee konferensies gedurende 2001 en die vestiging van die *Christelike Transformasienetwerk vyf* jaar gelede, dat die netwerk in sy huidige vorm beslag gekry het. Die eerste georganiseerde poging was die mobilisering van gebedspanne in sekere geografiese streke met die aanwysing van 'n koördineerder vir elke streek. Gebedsinisiatiewe is aanvanklik aan die streke en koördineerders oorgelaat, maar is met verloop van tyd meer sentraal gekoördineer. Met die samewerking van kerkleiers is gemeente-koördineerders en -spanne aangewys wat maandeliks vir 'n ontbyt bymekaargekom het en waartydens toerusting gedoen en inisiatiewe bespreek is. Die plaaslike aanbieding van die *Wêrelddag van Gebed* in streke, het gelei tot die ontstaan van groepe geestelike leiers ('fraternals') regoor die Metropool, waar kerkleiers begin het om verantwoordelikheid vir die gebedsbeweging te aanvaar. Dit het die grondslag gelê vir die vestiging van 24/7 gebedswagte waarin kerkleiers instrumenteel is. Op die oomblik is daar meer as 40 gemeentes wat hulle reeds tot 24/7 gebed verbind het. Die 24/7 gebedsmodule is gekies as prioriteit vir die transformasienetwerk se aktiwiteite vir 2008 en ook van hierdie jaar se *Wêrelddag van Gebed*. Gemeentes word genooi om een dag per week of ten minste een dag per maand 24 uur lank te bid.

Gebed vir die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en Korrektiewe dienste*

Op 17 Augustus 2005, op 'n gesamentlike byeenkoms van die plaaslike *Transformasienetwerk* en die *SAPD,* het die stasiebevelvoerder en twee voorbidders van Sophiatown-*SAPD* hulle getuienis kom gee. Na aanleiding hiervan het die destydse *Provinsiale Polisiekommissaris* die *Transformasienetwerk* gevra om gebedsgroepe te stig in al die polisiestasies binne die Metropool. Hierdie doel is binne 'n jaar bereik. Tans word 22 polisiestasies deur gebedspanne

bereik. Gebedspanne doen verantwoording aan die plaaslike polisiekapelane sowel as aan die koördineerders van die netwerk.

Die deur het ook oopgegaan by *Korrektiewe Dienste*. Gebedspanne word tans gemobiliseer om weekliks een gevangenis te besoek. Die vertrouensverhouding tussen die gebedsnetwerk en beide die *SAPD* en *Korrektiewe Dienste* is van so 'n aard dat die netwerk gereeld genooi word na ander gebedsbyeenkomste en ook om die personeel geestelik te bedien.

WATTER WENKE KAN JY AAN ANDER GEE WAT GRAAG MET 'N GEBEDSWAG WIL BEGIN OF WAT DALK 'N BIETJIE SUKKEL?

'n Basiese infrastruktuur en toegewyde personeel wat 'n kantoor daagliks beman, is noodsaaklik, veral in groter sentra soos hier by ons. 'n Oorkoepelende bestuur met geografiese koördineerders werk goed. 'n Netwerk word gebou en in stand gehou op grond van die vertrouensverhoudings wat met verloop van tyd tussen rolspelers ontstaan en ontwikkel. Dit beteken opofferings, ure en ure se vergaderings, gesprekke, besoeke, oproepe en korrespondensie. Gereelde byeenkomste is onontbeerlik en die aantal byeenkomste word deur die aard van die inisiatief bepaal.

WAARVOOR MOET ONS VERSIGTIG WEES?

Vermy ten alle koste die persepsie dat 'n gebedsbeweging net aan 'n paar individue of 'n spesiale groep mense behoort. Vestig die beginsel dat gemeentes en gewone lidmate die sleutel hou tot 'n suksesvolle geografiese gebedsbeweging. Gebedsleiers staan onder die gesag van hulle plaaslike leiers en die gemeente se koördineerders moet deeglik oor hulle rol en funksie ingelig wees. Die gebedspan moet ten alle tye hulle geestelike leiers ondersteun, ondergeskik wees en waak teen 'n gesindheid van kritiek en 'n begeerte om te domineer of te manipuleer.

SIEN JULLE VRUG OP JULLE GEBEDE?

Ons sien deure oopgaan. Skole, polisiestasies, tronke, staatsdepartemente, sakeondernemings en baie ander deure is besig om oop te gaan. Jy kan by enige plek instap en vir die mense vra of jy vir hulle kan bid en daar sal positiewe reaksie wees. Baie vra jou om terug te kom en ander vra jou om te bly. As ons maar net genoeg mense gehad het om die werk te doen! Kerkeenheid het oor die afgelope paar jaar dramaties verbeter en die samewerking word al hoe beter. Op ekonomiese gebied is daar baie sterk groei in die toerismebedryf, wat sowel buite- as binnelandse toerisme betref. Meer en meer toeriste kies Port Elizabeth as vakansieplek of as vertrekpunt na hulle vakansiebestemmings. Iets wat ons dalk nie moet miskyk nie, is dat ons hierdie jaar nog net een kort kragonderbreking gehad het! Daar is krag in gebed!

KONTAKBESONDERHEDE

Transformasie Christelike Netwerk – Nelson Mandela Baai: tel.: 041 581 5726. Skakel Pierre van Wyk by 083 370 3592 of Joan Keeling by 084 766 2270.